

Publication: Rapport (Sport)
Publication Date: 18 Feb 2018
Page: 17

AVE: 48576.17
Circulation: 41034
Part: 1 of 1

# Varsitybeker is nou Ngema se loopplank

**Leighton Koopman**

Vir die Wits-vleuel Kwanele Ngema bied die Varsitybeker-reeks meer as net speelkans om sy passie uit te leef. Dit is vir hom ook 'n verhoog waar hy hom wil bewys as goed genoeg vir 'n plek in beroepsrugby.

En as dít nie gebeur nie, sal hy sy ander passie – onderwys – uitleef, sê hy.

Ngema is een van Wits se groot uitblinkers vanjaar nadat hy verlede jaar ook vir die Leeus se o. 21-span uitgedraf het.



Ngema

Al het sy pad na die Leeus en Wits met 'n hele paar kronkels gepaard gegaan, is hy nie vir een oomblik spyt dat hy besluit het om KwaZulu-Natal agter te laat en in Gauteng sy rugbyheil te kom soek nie.

Die 21-jarige Witsie vertel dat hy laat in sy skoolloopbaan eers besluit het om rugby ernstig op te neem. "Ek het in my gr. 11 en 12 jaar vir KZN-platteland gespeel in die Akademieweek, wat my hoop gegee het dat ek rugby as 'n loopbaan sou kon nastreef. Maar ek kom nie uit 'n tradisionele rugbyskool (Greytown High School) wat groot klem op dié sport plaas nie.

"Toe ek egter die Akademiespan haal, het ek anders na rugby begin kyk. Ek het besluit ek wil Wits toe gaan en ek het my by die span aangesluit toe Wits in die Skildkompetisie gespeel het."

Ngema het daardie jaar die Wits-span gehelp om vir die Varsitybeker te kwalifiseer en volgens hom was dit 'n soet beloning vir hul harde werk.

Maar dis nie so maklik om tussen die boeke, rugbyveld en gimnasium te hardloop nie.

"Alles hier gaan oor hoe jy dinge prioritiseer. Ek het egter 'n groot kalender teen my kamermuur waarop ek alles aanteken.

"Dit help my om die groter prentjie te sien ten opsigte van my studieverpligtinge en al my ander verpligtinge. So hou ek kop bo water."

Hy is tans in sy vierde jaar as onderwysstudent. As dinge nie op die rugbyveld uitwerk nie, wil hy graag geskiedenis as vak aanbied.

Sy familie is steeds in KwaZulu-Natal en met al sy verpligtinge is die enigste familietyd in Desember. Hy spandeer dan twee weke op die platteland by sy familie en herlaai sy batterye.

Wits, wat teen die Shimlas vasgeval het, sal hoop om vandeesweek weer op die wenpad te kom wanneer hulle teen die Nelson Mandela-Universiteit se Madibaz in Port Elizabeth speel.

Hulle seges oor Tukkies (25-3) en die Ikeys (30-26) plaas die Johannesburgers in die tweede plek op die puntelys ná die Universiteit Stellenbosch.

■ **Varsitybeker-bepalings vir môre:** Madibaz t. Wits **(16:45, SS1)**; Maties t. Ixias **(18:30)**; Ikeys t. Shimlas **(18:30)**; Pukke t. UJ **(19:00, SS1).**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.